

# DASSIE DINGE

**6 – 2026/06/18**

Geagte Inwoners,

Die helfte van 2026 is byna verby.Vader Tyd staan nie stil nie. Nog 'n Comrades marathon is gehardloop en dit lyk asof vrede in die Midde-Ooste op hande is. In Bronberg word die uitdagings nie minder nie, al is die dae nou korter! Ons deel graag die volgende met u:

## 1. ONTVANGS

Zoane se dogtertjie is toe verlede Dinsdag onverwags gebore. Ons wens haar en Jacques baie voorspoed en vreugde toe. Zoane gaan die volgende 4 maande met kraamverlof wees. In haar plek gaan Annetjie Pienaar ons uithelp. Annetjie is 'n ou bekende by ons en ons is baie dank aan haar verskuldig dat sy ons op kort kennisgewing kom help.

## 2. VERJAARSDAGVIERINGE

Bronberg is op 1 Oktober 'n volle 10 jaar oud. Ons gaan op Saterdag 3 Oktober die geleentheid op gepaste wyse vier. Maak solank 'n knoop in u vinger en kom deel in hierdie spesiale dag se verrigtinge.

## 3. KOMBUISPERSONEEL

Na meer as 3 jaar by ons in die Kombuis, het Dani besluit om groener weivelde te gaan soek. In haar plek is Marine du Toit aangestel. Kom ons verwelkom Marine in ons midde en gee haar die nodige ondersteuning dat sy maklik by Bronberg sal inskakel.

## 4. ALGEMENE JAARVERGADERING

Hierdie jaar se Algemene Jaarvergadering (AJV) word op Dinsdag, 25 Augustus gehou. Dit begin stiptelik om 15: 00 en word in die Mandoliensaal aangebied. Registrasie sal vanaf 14:00 in die voorportaal by Ontvangs begin. Ons nooi alle eienaars om hierdie baie belangrike vergadering by te woon.

## 5. NOODGEVALLE

Ons herinner u almal net weer aan die hantering van noodgevalle in Bronberg. Gedurende weeksdae vanaf 08:00 tot 16:00 hanteer die Kliniekpersoneel alle noodgevalle. Skakel dus die Kliniek gedurende hierdie tye as daar nood is. Na 16:00 tot en met 08:00 en gedurende naweke sal die personeel van ons Sorgsentrum alle noodgevalle hanteer.

**6. HOUTPAALTJIES**

Die vervanging van die houtpaaltjies het vir 3 weke stil gestaan. Ons beplan om met die vervanging voort te gaan sodra die verf van eenhede in Fase 1 en 2 afgehandel is. As alles volgens plan verloop, begin ons weer op Maandag 29 Junie met die proses om paaltjies te vervang.

**7. BESOEKERS MET HONDE**

Dit bly 'n bestaande reel dat geen besoekende honde binne die Landgoed toegelaat word nie. In 2025 het die Direksie besluit om 'n toegewing in plek te stel om tog binne sekere maatreels, besoekers met honde toe te laat. Hiervolgens kan u by Ontvangs aansoek vir 'n tydelike permit doen en indien al die nodige dokumente in orde is, sal sulke honde toegelaat word. Indien besoekers nie in besit van 'n permit is nie, gaan Sekuriteit hulle nie toelaat nie. Elke permit is vir 'n maand geldig. Indien ons reeds al die sertifikate van 'n spesifieke hond op rekord het, is dit slegs nodig om by Ontvangs vir 'n vernuwing van die permit aansoek te doen nadat dit verval het.

Geen honde word in die hoofgebou toegelaat nie. Besoekers mag nie met honde in die woonstelle kom kuier nie. Inwoners mag ook nie met honde in die hoofgebou wees nie.

**8. VAKANSIETYD**

Met die komende skoolvakansie op hande, herinner ons net weer al ons inwoners dat geen besoekers, kinders of kleinkinders in die Speletjieskamer en gimnasium toegelaat word nie. Alle besoekers en kinders moet ook te alle tye op terrein deur inwoners vergesel word.

**9. WATERVERBRUIK**

Ek hou die beste vir laaste! Ons het die afgelope 10 dae 7 groot waterlekke herstel. Dit het reeds 'n dramatiese positiewe impak op ons waterverbruik. Daar is reeds weer 'n huppel in ons stap na 'n baie frustrerende 10 maande waar ons waterverbruik buite beheer was. Ons verbruik is nog nie heeltemaal waar dit moet wees nie en ons vra u almal se samewerking om nog steeds water spaarsamig te gebruik. Ons bly op soek na nog waterlekke en ons is vol vertroue dat ons dit met die nuwe kontrakteur sal opspoor en herstel. Baie dankie vir u geduld en samewerking die afgelope 10 maande om water spaarsamig te gebruik.

Bly warm, ry binne die spoedbeperking en gehoorsaam asseblief die stoptekens!

Alles wat mooi is,

**Alan Snyman.**
**Voorsitter.**



# DASSIE DINGE

**6 – 2026/06/18**

**Dear Residents,**

We are nearly in the middle of 2026. Time waits for nobody. Another Comrades Marathon has been completed, and we are nearing peace in the Middle East. At Bronberg, however, the challenges are not getting less even though the days are now shorter. We would like to share the following updates with you:

## 1. RECEPTION

Zoané's baby daughter was unexpectedly born last Monday. We wish her and Jacques lots of happiness and joy with the new addition to their family, and success during this special time. During her absence, Annetjie Pienaar will be assisting us.

## 2. 10th ANNIVERSARY CELEBRATIONS

Bronberg will celebrate its 10th anniversary on 1 October. We will mark this special milestone with an appropriate celebration on Saturday, 3 October 2026. Please save the date and join us in commemorating this significant occasion.

## 3. KITCHEN STAFF

After more than three years with us in the kitchen, Dani has decided to pursue new opportunities. Marine du Toit has been appointed as her successor. Please join us in welcoming Marine to the Bronberg community and in providing her with the support she needs to settle in successfully.

## 4. ANNUAL GENERAL MEETING

This year's Annual General Meeting (AGM) will be held on Tuesday, 25 August 2026. The meeting will commence promptly at 15:00 in the Mandolin Hall. Registration will begin at 14:00 in the reception foyer. We encourage all owners to attend this important meeting.

## 5. EMERGENCIES

We would like to remind all residents of the emergency procedures at Bronberg. During weekdays between 08:00 and 16:00, all emergencies are managed by the Clinic staff. Please contact the Clinic during these hours if emergency assistance is required. From 16:00 until 08:00, as well as on weekends, all emergencies will be managed by the staff of our Frail Care Centre.

## 6. PICKET FENCES

The replacement of the wooden picket fences has been on hold for the past three weeks. We plan to resume the replacement programme once the painting of units in Phases 1 and 2 has been completed. If all goes according to plan, work will recommence on Monday, 29 June 2026.

## 7. VISITORS WITH DOGS

It remains an established rule that visiting dogs are not allowed within the Estate. In 2025, the Board approved a concession allowing visitors with dogs under certain conditions. Residents may apply at Reception for a temporary permit, and provided all required documentation is submitted and approved, such dogs may be allowed onto the Estate.

Visitors who are not in possession of a valid permit will not be granted access by Security. Each permit is valid for one month. If we already have all the relevant certificates for a specific dog on record, residents need only apply at Reception for a permit renewal once it expires.

No dogs are permitted inside the main building. Visitors may not bring dogs when visiting apartments, and residents may not have dogs with them inside the main building.

## 8. SCHOOL HOLIDAY PERIOD

With the upcoming school holidays approaching, we would like to remind all residents that visitors, children, and grandchildren are not allowed in the Games Room or Gymnasium. In addition, all visitors and children must be accompanied by residents at all times while on the Estate.

## 9. WATER CONSUMPTION

Last but certainly not least, we have repaired seven major water leaks over the past ten days. Our water consumption has been a source of huge concern and frustration during the past 10 months and although we are not out of the woods yet, it is a massive relief to experience the decrease in our daily water consumption.

Although our consumption levels have not yet returned to where they should be, we ask for everyone's continued cooperation in using water responsibly and sparingly. We are still committed to finding and repairing any remaining leaks and are confident that our new contractor will assist us in locating and resolving these issues.

Thank you for your patience and cooperation over the past ten months in helping us conserve water.

**Stay warm, drive within the speed limit, and please obey the stop signs.**

**With kind regards,**

**Alan Snyman**
Chairperson